NWK BEHEREND BEPERK
(Geïnkorporeer in die Republiek van Suid-Afrika)
Registrasienommer: 1998/007243/06
4AX Aandelekode: 4ANWKH
ISIN: ZAE400000028

("NWK Beherend")

VERSPREIDING VAN OMSENDSKRYWE EN KENNISGEWING VAN SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

1. Aandeelhouers van NWK Beherend ("**NWK Beherend Aandeelhouers**") word verwys na die substansiële transaksie aankondiging gepubliseer ("**Substansiële Transaksie Aankondiging**") op 4 Africa Exchange Eiendoms Beperk ("**4AX**") se Nuusdiens op Maandag, 08 Junie 2020, in verband met NWK Beherend se vaste voorneme om 'n aanbod ("**Aanbod**") om al die oorblywende uitgereikte gewone aandele ("**NWK Aandele**") van NWK Beperk ("**NWK**") wat dit nie alreeds besit nie, te verkry van die houers van NWK Aandele anders as NWK Beherend self ("**NWK Aandeelhouers**").

2. Die voorafgaande Aanbod wat gemaak is deur NWK Beherend, wat in meer besonderhede uiteengesit word in die Substansiële Transaksie Aankondiging word na verwys as die "**Voorgestelde Transaksie**".

3. **Verspreiding van die Omsendskrywe en Kennisgewing van Spesiale Algemene Vergadering**

3.1. 'n Omsendskrywe ("**Omsendskrywe**"), wat die Voorgestelde Transaksie uiteensit, is vandag, Dinsdag, 07 Julie 2020 versprei aan NWK Beherend Aandeelhouers. Die Omsendskrywe vervat ook 'n kennisgewing van 'n spesiale algemene vergadering van NWK Beherend Aandeelhouers ("**Spesiale Algemene Vergadering**") vir die doeleindes van oorweging van, en indien goed geag, goedkeuring van die besluite daarin vervat, met of sonder wysiging.

3.2. Kennis word hierdeur gegee dat die Spesiale Algemene Vergadering gehou sal word om **09:00** op **Dinsdag, 04 Augustus 2020** by die **NWK Opleidingsentrum**, geleë te **Daniëlstraat 29**, **Lichtenburg**, **Noordwes Provinsie**, **Suid-Afrika**, **2740**, ten einde die vereiste besluite te oorweeg en, indien goed geag, die nodige besluite vereis vir die Voorgestelde Transaksie goed te keur, met of sonder wysiging.

4. Die Omsendskrywe is beskikbaar in Engels en Afrikaans. Afskrifte mag verkry word gedurende normale besigheidsure by die geregistreerde kantoor van NWK Beherend en by die kantoor van NWK Beherend se eksterne uitreikeringsagent, Pallidus Capital, vanaf Dinsdag, 07 Julie 2020 tot Dinsdag, 04 Augustus 2020 (beide dae ingesluit). 'n Afskrif van die Omsendskrywe sal ook beskikbaar wees op NWK Beherend se webwerf by https://www.nwk.co.za/nwk-holdings-substantial-transaction-circular/.

Lichtenburg

07 Julie 2020

4AX EKSTERNE UITREIKINGSAGENT:

Pallidus Capital Eiendoms Beperk

TRANSAKSIE ADVISEUR EN 4AX EKSTERNE UITREIKER AGENT:

Pallidus Capital Eiendoms Beperk

REGSADVISEUR VIR DIE NWK GROEP:

Cliffe Dekker Hofmeyr Ing.